# In die lig van die Skietlood

George Whitehead (Redakteur)



Dupla Printers (051) 447 3036

Ons stomp woorde en God se Tweesnydende Woord. 67
- ANDRIES HOFFMAN –

Wat is die mens dat U hom besoek? 74
- ROB VISSER –

OOR KERKWEES

Die Roeping van die Kerk 79
- ATTIE BEZUIDENHOUT -

Kerkeenheid en Waarheid 86
- CHRIS SAAYMAN -

Die Erediens 89
- KOOS ADENDORFF –

Die Sakramente 98
- THEO DANZFUSS –

Spiritualiteit in die Swart Kerk 123
- DAVID KETA -

Spiritualiteit - 'n nuwe naam vir 'n baie ou saak. 129
- JAN LUBBE -

OOR VANDAG SE VRAE

Bybelse Etiek in die spervuur 134
- HENDRIK HEFER –

Geloof en Wetenskap 138
- PIETER PELSER –

OOR DIE HOSPITAALPARK KONFERENSIE

Verslag 145
- GEORGE WHITEHEAD -

## INDABA IN ONS LAND SE MIDDELSTAD

DOLF BRITZ

Van heinde en verre het hulle gekom. Uit Noordland anderkant die Vaalrivier. Uit die Boland, doer onder, weggesteek agter die Hoëberge, waar dit volgens hoorsê in die winter reën, ver suid van die Grootrivier. Van die suidste suidpunt, van die Kolonie se Baai, agter Katberg se passe. Ander moes weer uit die Weste, deur woestyne oor die lang pad kom. En, oor Draakberg, uit die Laaste Voorpos aan die oostekant waar die son glo eerste skyn. So het hulle gekom – met bussies, sleepwaentjies, bakkies, karre ... en motors. Party sommer met die Semi-Staat se nuwe vliegtuie. (Die oues kry hier in die dun lug en kort landingsbaan op Blesberg se vlakte nie betyds gerem nie). Na die Middelstad van die Land, Bloemfontein. 'n Kerkraad het hulle geroep om indaba te hou. Immers, uit die Kerke en kerkverbande en gemeentes en kleinere en grotere, selfs nasionale kerkvergaderings, loop ding skeef. Teen die Skrif en die gereformeerde belydenis in.

Daar was navraag hieroor. Selfs verdenking. Is dit gepas vir 'n kerkraad om so 'n samekoms onder sy toesig byeen te roep? Hy het tog nie van hoër gesag die sanksie om so-iets te doen nie? En, waarheen is hy oppad? Oortree hy nie sy terrein, waarop ooreengekom is, nie? Hierdie vrae en opmerkings is in die Land se Pers aan die orde gestel. En, het die Kerkraad toe geantwoord.

Lidmate van die N.G. Gemeente Hospitaalpark, so skryf hulle, was ontstel en verward oor standpunte van en debatte tussen NG Teoloë wat die gesag van die Bybel, die maagdelike geboorte van Christus, ens. openlik bevraagteken. Hulle het die Kerkraad versoek om vanuit die Skrif en die Belydenis rigting te gee. Toe is besluit om 'n ope samekoms onder toesig van die Kerkraad te hou, aangesien hierdie probleem nie net beperk is tot Hospitaalpark nie. Die sanksie van die vergadering lê dus by die Kerkraad.

Vir lidmate en kerkrade van oral oor, wou die Kerkraad dus 'n geleentheid bied om hulle harte uit te praat rondom die Skrif. En, om in die Gereformeerde leer – die Kerkraad moet immers sorg dat die ware leer sy loop neem - versterk te word. Die Kerkraad was ook van oordeel dat mense uit ander gereformeerde kerkverbande

welkom is, aangesien hulle ook deur die teologiese verskuiwing in ons land geraak word. Hulle saampraat en inset is onmisbaar. Deur die saak vanuit die plaaslike gemeente en kerkraad aan te pak, is doelbewus, en dit was vir die Kerkraad van uiterste belang, vir 'n gereformeerde benadering gekies.

Die doel van die samekoms was nie om byle te kom slyp om die Kerk, of kerkverband, stukkend te kap nie, sê die Raad uitdruklik. Dit wil die kerke wat reeds versplinter het, van binne uit weer aan die gereformeerde belydenis help, om met die erkenning van die gesag van die Woord van God waarlik Kerk van Christus te wees. Aldus die Kerkraad. So het die Nederduitse Gereformeerde Kerk Hospitaalpark die tafel gedek vir 'n indringende indaba. In die hart-skoonmaak is nie net gepraat nie, maar geluister na die Skrif en die gereformeerde belydenis.

Dit alles kan nou agterna weer rustig, of vir die eerste keer, gelees word in die bydraes wat in hierdie bundel opgeneem is. In werklikheid is dit noodsaaklik om dit goed te lees. En, goed te oordink. Want, in die lig van die Skrif (die Skietlood van die Here) en die gereformeerde belydenis kan handgegee word. En so word die pad aangedui en ontvang ons krag om daarop te gaan ....



## GOD SE SKIETLOOD...

GEORGE WHITEHEAD

In 'n Bybelstudie rondom die boek Amos, saam met 'n klomp afgetrede lidmate, is ons saam aangegryp deur Amos se boodskap vir ons tyd. Hier word slegs 'n enkele paar verse van die ryk boek met u gedeel.

Skriflesing: Amos 7: 7 - 9

In Amos 7 sien die boer uit Tekoa, 'n visioen wat in vandag se tyd steeds 'n boodskap het wat met ons praat. 'n Visioen waarin die Here besig is om iets merkwaardigs te doen. In die visioen staan Hy langs 'n loodregte muur en in sy hand het Hy 'n skietlood. In die visioen word daar gemeet. 'n Muur wat loodreg is (so het die mense gedink), word aan 'n instrumente toets onderwerp. Die Bouheer/Argitek stel ondersoek in of die spesifikasies van die bouwerk wat Hy bepaal het, nagekom is.

God sê: "Kyk, Ek gaan 'n skietlood aanlê in die midde van my volk Israel."

Die bouwerk wat aan die spesifikasietoets onderwerp word, staan in die midde van die volk Israel. Die boukonstruksie wat gemeet word, is Israel, God se kerk op aarde. God se kerk wat volgens spesiale spesifikasies wat Hy gegee het, opgerig moet word.

Die bouers is ook God se volk, sy medewerkers, dis die lidmate van die kerk. Hier is die gelowige beide messelaar en baksteen in God se gebou. Hierdie gebou is 'n lewende gebou, met lewende stene. Hierdie gebou, moet die beeld van God in hierdie wêreld vertoon.

In dié gebou word die gelowiges self opgebou, maar is hulle ook die medewerkers in die opbou van ander gelowiges.

Die stene in dié gebou moet goed saamgevoeg word anders wankel die gebou. Die stene moet vir mekaar plek maak en toesien dat elkeen 'n regmatige plek in die gebou het.

maar tog het die Here vir Efese gesê as sy haar nie bekeer nie, sal haar kandelaar van sy plek verwyder word.

Dit is die opsomming van die redes vir die kommer van vele lidmate, en van dit wat vir hulle 'n krisis geword het. Dit mag eensydig klink, maar so het ons dit ontvang en hulle kan nie geïgnoreer word nie.

Alleen in die regterhand van die Lam sal die leraar die lig kan versprei. (Op. 1:20)



## 'N OPE BRIEF

DOLF BRITZ

Clairvaux
WELLINGTON

Liewe Lidmaat,

Ek was destyds skaars 40 jaar oud en dominee op Wellington. In die Kaap was die kerklike lewe behoorlik in rep en roer oor, soos ons dit genoem het, die moderne teologie. Dit was duidelik dat hierdie denkrigting die geloof van die gemeente bedreig het. Daarom het baie van ons predikante en die professore van die Teologiese Seminarium daarteen gepreek, gepraat en geskryf. In 'n stampvol Commercial Exchange het ek op 28 April 1868 in Kaapstad ***'n lesing oor die moderne teologie*** gehou. Daar was 'n groot aandrang dat ek die nuwe denkrigting wat in ons land kop uitgesteek het, en op 'n meeslepende manier in die Mutual Hall deur proponent DP Faure beredeneer is, op die weegskaal moes plaas. Die Young Men's Christain Association het my lesing kort daarna as 'n pamflet uitgegee. Sy bladsye het nou vergeel van ouderdom.

Die moderne teologie, so het ek begin, neem sy uitgangspunt in Kopernikus se ontdekking in 1532. Dit het alle ouer opvattings omtrent die aarde en hemel en die orde in die heelal onherroeplik verander. Nie net die Bybelse gegewens hieroor nie, maar ook die God van die Bybel is nou deur die wetenskap in 'n verdagte hoekie toegeverf. Die plat aarde van die Bybel moes wyk voor die aardbol van die wetenskap. Noudat die magtige teleskoop die oog laat kyk na die uitgebreide hemel van 'n eindelose wêreld van sonne en sterre, newelvlekke en sonnestelsels – waar is die tent van die ou koning van die hemel? Waar is nou Israel se woning van die afgestorwenes, daardie sheol in die diepte van die aarde? Waar is die vuur van die poel van die hel? Waar is die Satan en sy geeste van die afgrond? Waar is al die ander dinge wat geleef het in die verbeelding van die ou oosterlinge met hulle beskouing van God, die wêreld en die natuur? Die Bybel, en daarmee saam die eeue-oue geloof van die Christendom, kan nie meer voetstoots aanvaar word nie. Die wetenskap van die moderne tyd het dit agterhaal. So het die jong teoloog Faure die een argument na die ander opgestapel om

die geloof van die gemeente te transformeer. Sy doel was immers nie om die gemeente en die kerk totaal van alle geloof te beroof nie.

In die helder lig hierdie moderne lewensbeskouing vir wie die bonatuurlike ontoelaatbaar is as 'n verklaring van feite wat ons waarneem, moes die Christelike geloof, om te oorleef, - dit was Faure se klem - aanpas. **Die moderne teologie het presies op hierdie punt aanspraak gemaak dat hy deur God in die lewe geroep is om die sterwende geloof te red en mense weer te inspireer om hulle aan 'n God en 'n godsdiens te gee wat in ooreenstemming is met die feite van die wetenskap.** Daarom het hierdie teologie hom aangedien as 'n nuwe uitgawe van die Christendom. 'n Laaste, verbeterde en hersiene uitgawe. Wat in staat sou wees om die moderne bewussyn met godsdiens te vul. Hiermee sou die geloof - en dit was die aantreklike in die voue van kleed van die modernes - 'n hoër posisie verkry as wat dit ooit gehad het, 'n posisie waar die vertwyfeling van die wetenskap dit nie kan bereik nie, en waar die stryd van opinies dit nie sou verontrus nie.

Wat was hierdie gevonde beginsel waardeur die ou Christendom bevry sou word van alles wat onseker en onwaar is, en waardeur dit weer op 'n vaster grondslag geplaas kon word? Ek was oortuig dat dit in 'n bepaalde opvatting van die Bybel gelê het. **Die moderne teologie was seker dat die Bybel tog nie iets anders kon wees as 'n literêre produk van sy eie tyd nie.** Met ander woorde, die Bybel het ontstaan in die tyd toe godsdienstige konsepte oor byvoorbeeld 'n skepping van alles in ses dae, oor bonatuurlike wondere, oor 'n maagdelike geboorte en 'n historiese hemelvaart van Jesus, nog afgegaan het. Moses en Jesus en Paulus was natuurlikerwys verbind met die opvattings van die sigbare wat toe gangbaar was. Die hele teologie van die Bybel is dus die produk van die destydse godsdienstige gedagtes en gevoelens, 'n gebou wat opgetrek is op 'n fondament wat noodwendig moes wegsink in die niet by die lig van die moderne wetenskap. **Die Bybel kan dus nie meer begryp word as die geskiedenis van die openbaring van God nie.** Die moderne teologie breek hiermee en glo vas dat alles wat gevind word van Genesis tot Openbaring omtrent die direkte openbaring van 'n lewende God wat werk, spreek, seën, straf en deur die mens gesien en geken kan word, slegs die ou religieuse dop is wat maar kan weggewerp word. God soos Hy in die ou tyd (toe die Bybel tot stand gekom het, tot vòòr die ontdekkings van



Kopernikus) voorgestel is as 'n Persoon wat as 'n afsonderlike wese bestaan buite alle wesens van die heelal om, wat hul sake bestuur vanuit sy woning bokant die wêreld - niemand wat werklik nadink kan langer vir hom so 'n God voorstel nie. Die Godheid anderkant die taal en begrippe van die Bybel is hoogstens in die wêreld as 'n soort skeppende oorsaak daarvan. Hy is nie 'n Koning, 'n Heerser, 'n Wetgewer, 'n Regter, 'n Verlosser nie. Die moderne teologie kon geen plek vind vir 'n troon daarbo waar God regeer nie.

**Vir my was dit duidelik dat hier nie net 'n vraagteken agter die God van die Skrifte geplaas is nie, maar dat inderdaad 'n nuwe voorstelling van God gemaak word wat kind is van die natuurwetenskap en die filosofie.** Die moderne teologie se godsbegrip is gebore in die menslike gedagte. Dit het geen krag, het ek benadruk, wat hoër is as dit waaraan dit sy ontstaan ontleen nie. So 'n god is slegs die skepping van die skepsel. Hy is volkome gevange en geboei in die werkinge van die natuur. Eintlik het so 'n god verlore geraak in die natuur. Hy is heeltemal uitgesluit van alle werklike persoonlike gemeenskap met ons. Die mens sal na so 'n god bly soek en nooit tot ruste kom nie.

Goddank! Die Christendom weet in die krag van Jesus Christus en die getuienis van die Heilige Gees te duidelik aan wie dit sy waarheid ontleen, om op hierdie manier mislei te word. Dit gaan immers in die Skrifte om 'n Goddelike verlossing. Dit vertel van genade en barmhartigheid wat neerbuig oor die gevalle mens, en wat hom openbaar in die ewige liefde – Gods eniggebore Seun. Dit vertel van die geheimenis van sy vleeswording, van sy openbaring van die liefde en die wil van die Vader deur woord en daad, deur lewe en dood, en van die bereiking van die groot doel in sy opstanding, sy opvaar na die hemel, en die gawe van sy eie Gees, die Gees van God in die kerk en in die Woord, om op die aarde te woon en die onderpand te wees van sy eie blywende teenwoordigheid. **Van dit alles kan die moderne teologie nie een enkele woord aanneem nie.**

In die saal kon jy 'n speld hoor val. 'n Beslissing het geval:

Liewe lidmaat, ek is nie verras dat die gedagtegoed van die moderne teologie weer opgeduik het nie. Wat my wel verbaas is dat 'n gelate NG Kerk klaarblyklik so ontvanklik daarvoor geword het.

Heilbiddend in Christus Jesus,

Noem ek my jou bejaarde Oom,

Andrew Murray VDM.

NS 1: Die brief is werklik gebaseer op 'n lesing wat Andrew Murray op 1868 in Kaapstad gehou het. Aan sy argument en segswyse is niks verander nie. Behalwe die heel laaste paragrafie. Destyds, tussen ongeveer 1860 en 1875, het die moderne of liberale teologie in 'n lang stryd met die NG Kerk betrokke geraak. Veral Andrew Murray, prof NJ Hofmeyr en dr JJ Kotzé (van Richmond) het teen hierdie teologie en sy konsekwensies geskryf. Die sinodes van die NG Kerk het ook nie geskroom om hierteen standpunt in te neem nie. 'n Goeie boek om in hierdie verband te lees, kom uit die pen van TN Hanekom: Die liberale rigting in Suid-Afrika. (Stellenbosch 1951)

NS 2: Niemand sal daaraan twyfel dat die standpunt van Andrew Murray vandag van toepassing is op wat in die beoefening van die teologie in ons land aan die gebeur is nie. Die vraag is net waarom 'n groot kerkverband soos die NG Kerk so gelate daaroor is? Waarom is hy so ontvanklik daarvoor? 'n Mens sou sekerlik kon aanvoer dat die histories-kritiese teologie in sy geledere navolging gevind het. Veral in die kringe waar die teologie op 'n meer "wetenskaplike basis" beoefen wil word. Dit kom 'n mens veral teë in 'n hele aantal nuwe boeke oor die Bybel, die geloof, die God van die Bybel, ensovoorts. Ons moet egter nie te gou die gelatenheid en toeganklikheid by die NG Kerk aan die oorredingskrag van hierdie "wetenskaplike" Skrifkritiek en benadering toeskryf nie. Die probleem lê elders – by wat ek wil noem 'n "populêre Skrifkritiek." Vanuit diep religieuse motiewe en dikwels innerlike spiritualiteit, bring lidmate van die NG Kerk hulle geloof tot uitdrukking in 'n taal en segswyse wat ten diepste (sonder dat hulle dit besef) berus op "n nie-Skriftuurlike basis. Goeie illustrasie materiaal kom ek 'n paar weke gelede teë op die afkondigingsbladjie van 'n NG gemeente. "God is like BP – He likes to keep you moving. God is like CNA – first with the goodies. God is like Domestos – He kills germs dead. God is like First National Bank – He puts you first. God is like Milo – it's marvelous what God can do for you. God is like Sasol – He pumps up your performance. God is like Toyota – everything keeps going



right. God is like Telkom – so go ahead and make the call." Hierdie soort opmerkings is baie gewild. Maar, in wese is dit hoe populêre Skrifkritiek lyk. Die Skrif praat immers nie so oor die Vader van ons Here Jesus Christus nie. So 'n begrip van God is niks anders nie as skepping van ons verbruikers kultuur. So 'n god sal die mens nooit vind nie. Hy raak verlore in die advertensiewese. Hierby sou ek nog 'n lang lys van geestelike liedjies kon voeg, waarin die dwaling in ons kerke ingesing word. Of rituele – soos om mekaar se voete glimlaggend te was. Dit is immers NIE waaroor Johannes 13 gaan nie. Of, met 'n groot vraagteken uitroep: Waar was God? As twee geboue intuimel en duisende mense sterf.

Populêre Skrifkritiek is die vrugbare teelaarde vir wetenskaplike Skrifkritiek. Goddank! Die verontrusting by lidmate kom van die Gees, want so behou die goeie Herder deur die Woord sy kudde. Nog altyd. In die tweede eeu na Christus. In die tyd toe Kopernikus geleef het. Calvyn en Luther was sy tydgenote! In 1868, 1932, 2002.....